
Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 9 30 MAART 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke



*Mnr. Vusi Khanyile het 'n vergadering van SACLA op 26 Maart toegespreek.*

# SACLA HET BESTAANSREG

**Mnr Vusi Khanyile het belangstellendes in SACLA op Maandag, 26 Maart oor die doel en ontstaan van SACLA toegespreek.**

Mnr. Pieter Fanoy het die vergadering geopen. Mnr Piet Fourie, voorsitter van die kampuskomitee, het mnr. Khanyile aan die woord gestel en inleidend oor SACLA gepraat.

'n Konferensie van Christene van verskillende rasse en volke is in 1976 in Nairobi gehou. Op die konferensie is oor 'n versoening van wit en swart Christene in Suid-Afrika besin.

Een swartman het gesê, "I hate South African Whites." Prof. Dawid Bosch het gesê hy praat as ambassadeur van Christus en nie as blanke Afrikaner nie. Volgens mnr. Khanyile was dit moontlik om die "presence of God" te kan sien.

Ná ses maande is besluit om 'n konferensie in Suid-Afrika te hou. Dit sal tussen 8 en 15 Julie in Pretoria plaasvind en voorsorg sal getref word sodat dit nie op 'n politieke geredekawel uitloop nie. Daar sal tot geen konsensus aan die einde gekom word nie.

Daar word vyf afsonderlike konferensies gehou: die eerste is vir politieke en burgerlike leiers, die tweede vir kerkleiers, die derde vir universiteite, die vierde vir hoërskoolleerlinge en die vyfde is vir jeugleiers van verskillende kerke.

Volgens prof. Elaine Botha, hoogleraar in Kultuurkunde aan die PU vir CHO, is dit definitief nodig dat daar studente van die PU na hierdie konferensie moet gaan.

# STUDENTEPARLEMENT BESLUIT OOR OOP UNIVERSITEITE

**Die Studenteparlement het op Donderdag, 22 Maart weer gesit. Die onderwerp van bespreking was of oop universiteite ingestel moet word al dan nie.**

Die onderwerp is onder drie hoofde bespreek: eerstens of daar werklik 'n behoefte aan oop universiteite is, tweedens of dit die akademiese standaard van die universiteit sal beïnvloed en derdens die feit dat die PU die enigste universiteit is waar Christelike onderwys onderrig word.

Mnr. H. Vermeulen was die inleier van die standpunt vir oop universiteite. Daar is gestel dat Christenskap nie eksklusief is nie en dat dit ons plig is om anderskleuriges dieselfde Christelike opleiding as ons te gun.

Mnr. C. Kraamwinkel was die inleier van die standpunt teen oop universiteite. Hy het veral klem gelê op die feit dat oop universiteite in die praktyk nie so goed soos in die teorie sal werk nie.

Ná die stemming was die uitslag gelykop, maar nadat die Speaker sy stem uitgebring het, het die standpunt vir oop universiteite gewen.

## 1979 se Sjampanjenooi



*1979 se sjampanje-nooientjie - Sandra Kruger van Karlien.*

# Drie termyne bevoordeel dienspligtiges

**Die beplande ondersoek na die wenslikheid van 'n drietermynstelsel vir universiteite, is geïnisieer deur Prof. Roux de Villiers, dekaan van die Ingenieursfakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch.**

Hierdie stelsel is gemik op die beter benutting van mannekrag en bestaande fasiliteite aan universiteite en sal ook noemenswaardige voordele vir militêre dienspligtiges inhou, aangesien akademiese en praktiese opleiding met militêre opleiding geïntegreer sal kan word.

Prof. De Villiers stel drie sestienweek-termyne met een tot twee weke vakansie tussenin as moontlike alternatief vir die huidige stelsel. Om 'n kursus binne die vasgestelde tyd te voltooi, moet 'n student twee termynkursusse binne een jaar aflê. Vir 'n driejaargraad word ses termynkursusse dus vereis, wat, indien dit met 'n verdere ses termyne militêre opleiding geïntegreer word tot gevolg sal hê dat 'n dienspligtige sy graadopleiding en militêre opleiding binne vier in plaas van vyf jaar kan voltooi.

Vergeleke met die huidige stelsel hou die drietermynjaar die volgende voordele in: Ongeveer 50 persent meer studente kan geakkommodeer word aangesien universiteite twee maal per jaar studente kan inneem. Dit sal lei tot 'n vermeerdering van doserende personeel wat op hul beurt meer tyd sal hê vir navorsing omdat hulle een termyn per jaar vry sal wees. Studente sal die geleentheid hê om praktiese ondervinding gedurende hulle studietyd op te doen en terselftertyd 'n bydrae tot die arbeidsmark te lewer. Hulle sal ook 'n jaar vroeër tot die mark kan toetree. Die moontlikheid word geskep dat studente hulleself finansieel kan onderhou.

Vir studente wat nie ander verpligtinge het nie, sal dit moontlik wees om hulle kursusse in minder as die vasgestelde tyd te voltooi.

Enkele probleempunte waarop gewys kan word, is; die feit dat die huidige akademiese semester met vier dae ingekort sal word; die vermoeidheidsfaktor aangesien daar nie kort vakansies gedurende die semester sal wees nie; die invloed op die funksionering van studenteliggame en die sinchronisasie van universiteit- en skoolvakansies.

Alhoewel die ondersoek nog in die beginstadium verkeer, is daar baie entoesiasme voor en admiraal Edwards van die Suid-Afrikaanse Weermag het reeds te kenne gegee dat hulle te vinde sal wees vir so 'n stelsel.

Aspekte wat egter nog ondersoek vereis, is die implikasies wat so 'n stelsel vir universiteite en die land as geheel sal hê.

Prof de Villiers meen voorts dat, indien hierdie gedagte nie prakties uitvoerbaar is nie, universiteite tog ernstig sal moet besin oor die effektiewe benutting van fasiliteite, mannekrag en studentetyd.

# ZIJ HEBBEN GEZEGD

## Swart-witmag met redes verwyder

**Volgens mnr. Theuns Eloff het die dagbestuur van die SSR goeie rede gehad vir die afhaal van die Swartmag-witmagvoorstelling in die duikweg. Hierdie motiverings is nie gegrond op die onderdrukking van die inisiatief van studente nie.**

Die eerste rede is gebaseer op gegronde klagtes dat die simboliek van hierdie voorstelling 'n rassistiese ondertoon het wat mense aanstoot gee.

Tweedens is dit ongelukkig so dat 'n groot deel van die Pukmassa polities nie volwasse genoeg is om so 'n simboliese voorstelling in perspektief te sien nie. Dit geld ook vir sekere swart personeel wat aan die PU werksaam is.

Volgens die mosie wat in hierdie verband deur die dagbestuur van die SSR aanvaar is, was dit nie die "plek of manier om deur middel van skoktaktiek oor politieke aangeleenthede te besin nie."

Derdens was daar organisatoriese probleme rondom die toestemming, al dan nie, om enige prent op die duikweg te teken.

Op 'n vorige SSR-vergadering is ook 'n beginselbesluit geneem dat die SSR die skilder of teken van prente in die duikweg op eie inisiatief nie in beginsel afkeur nie mits die prente na hulle mening netjies, smaakvol en nie-aanstootlik is nie. Die reg word egter voorbehou om sulke prente af te keur en te laat verwyder.

## Kleredragreëls gepropageer

Die SR wil opnuut graag die kleredragreëls van die PU wat op welvoeglikheid en netheid gebaseer is onder die aandag van die studente bring. Die reëls is by die prims verkrygbaar. Hulle sal ook weer die reëls onder die aandag van die studente bring.

# KLEREDRAGREËLS NIE STRENG TOEGEPAS

**In 'n meningsopname oor die kleredragregulasies het dit geblyk dat die studente in die algemeen nie klagtes daaroor het nie, solank dit net nie te streng toegepas word nie.**

Volgens prof. G.N. van den Bergh, voorsitter van die advieskomitee oor studentevoorkoms aan die Rektor, word die regulasies nóg deur dosente, nóg deur studenteraadslede konsekwent toegepas. Hy het daarop gewys dat die SSR onderneem het om hierdie taak uit te voer.

In sekere klasse word die reëls deur tot vyftig persent van die studente oortree, en ongeveer vyftien tot twintig persent van die studente maak hulle daagliks skuldig aan oortreding van die reëls.

Alle reëls is gegrond op netheid en skep eenvormigheid in die konsekwente toepassing daarvan.

Dit is prof. van den Bergh se indruk dat sowel die Senaat as die SSR enige oortreding goedsmoeds aanvaar omdat hulle konfrontasie met die studente wil vermy. "Dit is bejammerenswaardig dat die mense wat die regulasies moet toepas, te slap is om dit te doen", het hy gesê.

Volgens mnr. Theuns Eloff word die regulasies redelik streng nagekom. Sy klagtes is dat mansstudente se denimbroeke vuil en verbleik is, en dat sommiges verslete sportskoene dra. Hier en daar is daar 'n dame wat beter sal lyk met haar huidige langbroek nadat sy tien kilogram verloor het. Die regulasies bied genoeg geleentheid om eie smaak en die mode na te volg.

Mnr. Steinman de Bruyn sê dat studente baie positief op vorige versoeke ten opsigte van kleredrag gereageer het. Dit is te betwyfel of die minder netjiese studente netheid deur middel van die reëls sal aanleer. Alhoewel dit vermy behoort te word, sal persone wat aanhoudend oortree, optrede teen hulle uitlok.

Volgens mnr. Siegfried Eiselen is kleredragregulasies nie werklik nodig nie, omdat die meeste studente hulle in elk geval só klee dat daar geen fout mee gevind kan word nie. Dit is egter nodig om regulasies te hê sodat dit toegepas kan word as dit nodig is.

Mnr. André van der Walt is van mening dat kleredragregulasies irrelevant, onbelangrik en onnodig is. Daar moet egter 'n Universiteitsregulasie wees wat vereis dat studente netjies moet lyk. Dosente moet hierdie reël na eie goeddunke in die klas toepas, en studenteraadslede moet sorg vir die uitvoering van die reël op die kampus.

Mnr. Kobus Viljoen glo nie in 'n kleredragreglement nie. Mnr. Louw van Biljon en mej. Coenie van Rheede van Oudtshoorn stem saam oor die belaglikheid en onnodigheid van kleredragreëls. Hulle voel dat dit 'n persoonlike aangeleentheid is.

Mnr. Pieda van Vreden sê die kleredragreëls word redelik goed nagekom, en dat mans nie sommer in 'n T-hempie en 'n denimbroek sal klasdraf nie. Alhoewel daar nie eintlik kontrole is nie, word die reëls volgens hom tog goed genoeg toegepas.

Mej. Rolene Koch voel dat studente oud genoeg is om self oor hulle kleredrag te besluit. Volgens haar dwing die PU kleredragreëls af om 'n goeie beeld na buite uit te dra. Die reëls is veral vir die mans baie streng, en sy vind dit belaglik dat mansdosente en eerstejaarmans dieselfde kleredragreëls moet nakom.

Mej. Ziets de Kock glo dat die modes miskien besig is om te verander en meer netheid in die hand te werk. Mans dra hulle hare nou korter, terwyl damesmodes na meer elegansie as ooit tevore neig.

Volgens mej. Estelle Oosthuizen kan sy na haar eie smaak aantrek sonder om die reëls te oortree. Sy vind dit onregverdig dat die reëls nie deur alle departemente konsekwent toegepas word nie. Mnr. Daan Bakker sê dat daar gerus weggedoen kan word met Engelse tradisies. Hy dink hier veral daaraan dat baadjies met Sondagmiddagetes gedra moet word, hoewel dit tog uitgetrek word.

**(Sien ook Zij hebben gezegd)**

# KORPSSEL KARLIEN BESIN OOR STUDENTEHUWELIKE

**Mauritz Moolman sê dit is goed om saam swaar te kry en saam te werk aan sukses in die huwelik. Hy sê daar moet saam gewerk word, want in die huwelik is die twee individue saamgeheg tot 'n eenheid. Albei moet help om die finansiële probleme te oorbrug. Mauritz sê getroudes bly goedkoper as twee slepers in 'n koshuis. Hy het tydens 'n Korpsselaksie op 13 Maart in Karlien gepraat.**

Herlinde van der Walt, ook getroud, meen een van die twee getroudes moet ook werk. Die paartjie se finansies moet so wees dat hulle selfstandig vir hulself kan sorg. Mevrou Hansie Malan wat self getroude kinders het, sê ouers kan darem altyd help as daar werklik probleme is.

Volgens Herlinde is 'n studentehuwelik volwassenheid, veral met betrekking tot die studie-aspek. Nico Pieterse, 'n ongetroude student, sê die probleme wat in die huwelik opduik, moet op 'n verstandige wyse die hoof gebied word. Nico glo hulle leer mekaar nog beter ken en hulle groei nader aan mekaar. Die twee moet volwasse genoeg wees om mekaar met foute en al te aanvaar voordat die probleemoplossing geslaagd sal wees. Meneer Sarel Pieterse, 'n ongetroude student, voel dat enige twee studente wat dit enigsins oorweeg om in die huwelik te tree, geestelik volwasse moet wees. Hy sê die woord "volwassenheid" is 'n relatiewe begrip.

Herlinde sê egter as twee maats mekaar gevind het en tot die besef gekom het dat dit so deur God beskik is, bied die huwelik die grootste kans tot sukses. Die huwelik is 'n instelling van God en dit sal altyd so wees. Mauritz sê die woorde liefde en respek is twee belangrike woorde in enige huwelik. Volgens hom is die huwelik die hoogtepunt van liefde.

Mauritz en Herlinde sê proefhuwelikke is taboe. Nico meen in 'n proefhuwelik lyk dit asof niemand verantwoordelikheid wil aanvaar nie. Daar heers in 'n proefhuwelik 'n toestand van ongebondenheid, terwyl die mens juis gebonde wil wees. Mev. Malan sê in 'n proefhuwelik kan enigeen sy goed vat en loop. Dit kan nie toegelaat word nie. Daar word 'n meer volwasse optrede vereis.

Volgens Herlinde is dit kinderagtig om oor enige beuselagtigheid te wil skei. Sy sê as twee persone werklik vir mekaar bedoel is en bereid is om dinge op te offer, behoort die huwelik te slaag. 'n Proefhuwelik is glad nie nodig nie.

Herlinde en Mauritz sê dit is wenslik dat daar nie kinders in die studentehuwelik moet wees nie. Dit is nie verkragting van God se kultuuropdrag nie, want daarmee saam het die mens 'n verantwoordelikheidsbesef gekry.

'n Studentehuwelik het net soveel kans tot sukses as enige ander huwelik, volgens mev Malan. Studie- en finansiële probleme is geen rede waarom dit nie kan slaag nie. 'n Studentehuwelik is nie aan meer of minder kritieke probleme blootgestel nie - die aard van die probleme verskil net van dié van 'n ander huwelik.

Die kwessie is net: 'n huwelik is vir ewig; studentwees, ongebonde wees, om jonk te wees, is kortstondig. Daar word gevra of dit nie deesdae mode geword het om vanaf die kampus te trou nie.

# KORPSTEMA IS ONCHRISTELIK AS STELLING

**Prof. dr. A. König, professor in Dogmatiek by Unisa, het Woensdag 7 Maart met die opening van die Korps-werksaamhede gesê die tema vir vanjaar - Die Toekoms: Alles tevergeefs? - is as stelling onchristelik. Hy sê die hele Evangelie is toekomsgerig. "Die Here het in die Ou Testament reeds sy volk Israel op die toekoms gerig."**

Anders as ander natuurvolke het Israel 'n toekomsdenkrigting ontwikkel. "In die Nuwe Testament", sê prof. König, "word die beloftes in die Ou Testament deur Matteus as geloofsdaad op Christus toegepas - dan wys Christus weer die toekoms in. Christus is dus die teenoorgestelde van "Alles tevergeefs" en wel self die toekoms.

Prof. König het gevra of die tema 'n realistiese vraag is. Verwysende daarna dat die mens op die oomblik te make het met 'n kultuurnood, het hy afgelei dat die mens self vir die resultate van mensgemaakte probleme moet instaan - probleme soos kernwapens, uitgeputte energiebronne, oorbevolking, besoedeling en dan ook ekonomiese groei waarin die probleem lê dat die mens daarsonder nie kan klaarkom nie. Daar kan dus met reg gevra word of daar nog 'n toekoms is - dit is dus 'n realistiese vraag.

# DOODVERF BETREUR

**'n Mosie in verband met die Swartmag - witmagvoorstelling in die duikweg is op die laaste vergadering deur Politiese Raad met 'n tweederde meerderheid aangeneem.**

Dit behels onder meer die volgende: Die besluit van die SSR om die uiters treffende voorstelling in die duikweg dood te verf word betreur. Dit onderdruk nie alleen studenteinisiatief nie, nou ook deur middel van skoktaktiek, oor politieke aangeleenthede te besin. Twee lede het buite stemming gebly.

**(Sien ook Zij hebben gezegd).**

# Kultuurraad vergader

**Mnr. Frikkie van Niekerk is Woensdagaand, 21 Maart eenparig genomineer as voorsitter van die Kultuurraad. Die vorige voorsitter, mnr. Jan van Deventer, het op 12 Maart bedank.**

Op die vergadering is tydelike patronaatskap aan die Kitaarvereniging toegestaan, totdat hulle finansies en huishoudelike reglement in orde is.

Aster is ook onder die Kultuurraad gepatroneer omdat die Administratiewe Raad ontbind het.

Die vier toerliggame, Alabama, Thalia, PU-koor, en Montum gaan onder andere in Transvaal, die Boland, Wes-Kaap, Oos-Transvaal en Noord-Natal toer.

Nominasies vir 'n nuwe onder-voorsitter is ingewag tot 28 Maart. Die verkiesing sal tussen 13h30 en 14h00 op Woensdag, 4 April, plaasvind.

# SGD VORDER VINNIG

*Mnr Petri de Kock, voorsitter van SGD.*



**'n Groot deel van die SGD-vergadering wat op 20 Maart gehou is, is aan reklame en skakeling toegewy.**

SGD beoog om die gemeenskappe waar hy sal dien, in te lig oor die aard van hierdie studentediens om effektiwiteit te bewerkstellig. Hierdie reklame sal kontak en skakeling met bestaande organisasies in die gemeenskappe tot gevolg hê. Die ondervinding van staatsdepartemente sal ook gebruik word nadat met hulle geskakel is.

Die SGD is 'n merkwaardige idee wat vergestalt kon word danksy die dinamiese medewerking van studente soos mnr. Petri de Kock, voorsitter van SGD.

Op die beheerkomiteevergadering het studente en dosente saam oor praktiese reëlings besluit en komitees aangewys om hierdie reëlings te help uitvoer.

'n Komitee bestaande uit mnre. Ig Vorster en Piet Massyn moet die wetlike aspekte en implikasies vir die SGD as welsynsorganisasie ondersoek. 'n Ander komitee waarop Dr. D.J. Eloff dien, ondersoek die finansiële aspekte van SGD.

# Muskadelfees - nog plek

**Daar is nog plek vir sowel mans as dames op die bus na die Montagu Muskadelfees.**

Die fees word op 20 en 21 April gehou. Die gelde bedra ongeveer R32 en is by bespreking by mnr. Piet Joubert betaalbaar. Die bus sal reeds Donderdagaand 19 April vertrek.

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

# NUSAS-kongres glo suksesvolste

**Die 56ste NUSAS-kongres wat gedurende November 1978 op die kampus van die Universiteit van Kaapstad gehou is, was een van die mees suksesvolle en bes bygewoonde kongresse wat nog ooit gehou is, volgens 'n berig in Rodeo.**

Die openingsrede is deur professor Peter Horn van die Duitse Departement van die Universiteit van Kaapstad gehou. Hy het die Suid-Afrikaanse Universiteite gewaarsku dat, tensy hulle 'n manier vind om deur die isolasie wat deur die apartheidsbeleid op hulle afgedwing word te breek, die grade wat hulle toeken, waardeloos is. Hy het ook gepleit vir die inskrywing van swart studente by Suid-Afrikaanse universiteite wat getalsgewys meer in verhouding moet wees met die algehele bevolkingsyfers en nie slegs 'n paar "token" swartes om ons gewetens te sus nie.

Verder is 'n mosie ingedien waarin die Regering versoek word om die reg van die individu te erken sodat hy vir homself kan besluit of hy militêre diensplig wil doen al dan nie. Daar is ook aan die hand gedoen dat nasionale dienspligtiges toegelaat word om in nie-militêre hoedanighede diens te doen.

Die Universiteit van Kaapstad se Vroue-Beweging het uit die kongres gestap op grond van NUSAS se gebrek aan betrokkenheid by feministiese beginsels. Daarna het die kongres 'n verslag aangeneem waarin die versuim van NUSAS om feministiese oogmerke te integreer, erken is.

'n Beroep is op sekere NUSAS-lede gedoen om hulle weelderige leefwyse te verander. 'n Mosie is aanvaar waarin gesê word dat duur klere, motors, nagklubs en restaurante nie versoenbaar is met NUSAS se politieke beginsels nie.

Edwin Angless, 'n afgevaardigde van die Universiteit van Kaapstad, het 'n stukkie sogenaamde "guerilla theatre" opgevoer waarin hy die ontbinding van NUSAS en die stigting van 'n "Azanian People's Organization" bepleit het. Die NUSAS-leiers het, na verneem word, met afgryse na die voorstelle geluister. Alles was egter 'n grap en na die tyd is die NUSAS-leiers baie lof toegeswaai vir hulle reaksie en optrede.

Die Wapad word gedruk deur PROMEDIA

## Affikampus flitse

- Tydens die eerste ASPU-konferensie vanjaar wat op 2 en 3 Februarie 1979 op die RAU-kampus aangebied is, is:

  * Trek, TUKS se Studentejaarblad, as wenner van die ASPU-jaarbladkompetisie vir 1977 en 1978 aangewys.

  * IRAWA, Kovsies se kampuskoerant bekroon as die beste kampuskoerant. Die Perdeby van UP en Die Wapad van die PU was onderskeidelik tweede en derde.

- RAU het hom ten gunste van aansluiting by Brian Hack, konserwatiewe SR-lid van die Universiteit van Kaapstad, se voorgestelde "Conservative Students Alliance" (C.S.A.) uitgespreek.

- Aucklandpark se straatname gaan moontlik verander word om 'n beter studenteatmosfeer oom die universiteit te skep. Daar is voorgestel dat Ripleyweg verander word tot Fakulteitsweg en Dittonlaan tot Kanselierslaan. Die reaksie van die inwoners van Aucklandpark wissel van baie positief tot baie negatief. Die grootste beswaar wat geopper word, is die administratiewe beslommernis wat met die adresveranderings gepaard gaan, berig die HeRAUt.

- Die NUSAS-president, mnr. Auret van Heerden van die Universiteit van Kaapstad, het die CSA verwerp, aangesien hy die mening toegedaan is dat een studenteliggaam onmoontlik sowel Engelse, Afrikaanse en Swart studente kan verteenwoordig, omdat die drie groepe so uiteenlopend is.




*Mnr Theuns Eloff (heel regs) in gesellige luim saam met v.l.n.r. Hilary Joffe, Clifford Goldsmith (Wits se SSR-voorsitter), Dan Roodt en 'n vriend, tydens mnr. Eloff se onlangse besoek aan Wits waartydens mnr. Eloff 'n massavergadering oor die Afrikaanse student, sy rol, houding en posisie in die samelewing toegespreek het. Die goeie gees en welwillendheid waarin besoek verloop het word duidelik deur die foto weerspieël.*

## SKAKELING

**Verdere** skakeling tussen kampusse - veral NUSAS- en ASB-kampusse sal in die toekoms gekoördineer word deur meneer Clifford Goldsmith van Wits. Alle inligting oor besoeke van studenteleiers en -verenigings moet aan hom gestuur word. Hy sal dan met die naaste universiteit skakel en die toergroep laat weet in verband met skakelgeleenthede.

Die Student se Bank.



As student is jy voor in ons boek.

Kyk net na ons dienste vir studente:

Spaarrekeninge
Laekostetjekrekeninge
Versekering
'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat.
Kom gesels gerus met ons.

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

Barclays-Nasionale Bank Beperk
Geregistreerde Handelsbank

BARCLAYS

die WAPAD

# AKADEMIESE JAAR VERANDER DALK

'n Mens wil byna sê: "uiteindelik!" Iemand het gaan sit en dink en wat meer is 'n oplossing, of dan 'n amperse oplossing, gekry vir die huidige probleme met die benutting van die akademiese jaar en die ledige tyd wat dienspligtiges soms in die leër ondervind. Die voorstelle van prof. Roux de Villiers lui dat die akademiese jaar in drie termyne verdeel word en dat slegs twee kursusse in een jaar voltooi hoef te word. Ses kursusse is gelyk aan een drie jaar graad. Dienspligtiges moet dan ses kursusse (of termyne) ook doen en kan dan die twaalf kursusse saam in vier jaar doen (drie per jaar).

Die skema kan baie voordele vir die dienspligtige inhou. 'n Mens hoor so dikwels dat dienspligtiges kla dat hulle baie ledige ure ná hulle basiese opleiding moet deurbring. As hulle nou daardie ledige ure kan vul met studie aan die spesifieke universiteit waar hulle ingeskryf is, kan dié tyd benut word.

Die voordele van meer navorsingstyd wat nou aan dosente gebied sal word (juis omdat meer dosente in diens geneem sal moet word), is seker een van die beste dinge in dié sisteem: dit is een van die grootste probleme in die Suid-Afrikaanse universiteitsisteem dat dosente nie genoeg tyd, en soms motivering, het vir navorsing nie. Daar word tans te veel op die breinkinders van ander wetenskaplikes staatgemaak en te min in Suid-Afrika gepubliseer.


'n Mens kan net hoop dat, as dié stelsel in werking gestel word, die nie-dienspligtige ook van die voordele sal kan gebruik. Daar is tans 'n ontsettende beperking op vermoënde studente: 'n kursus mag nie vinniger as in 'n bepaalde tyd afgehandel word nie. Dit bring geweldige frustrasie vir sommige studente mee wat 'n kursus in die helfte van die tyd wat die gemiddelde student nodig het, kan voltooi. As 'n student bloot ses kursusse moet doen sonder verdere vereistes, sal die briljante student sy huidige driejarige kursus in twee jaar kan doen.

Die min vakansies is 'n wesentlike probleem van die stelsel - dit bly uiters noodsaaklik dat studente genoegsame rus moet kry tussen uitputtende eksamens of toetse. Waar baie studente ook moet werk gedurende vakansies, hetsy vir sak- of klasgeld, sal die min vakansies ook probleme veroorsaak. Die probleem kan egter opgelos word deur een termyn te gaan werk en twee te studeer.

Die instelling van hierdie skema of 'n alternatief kan vir die land slegs die beste wees. - JR

# JY MIS JOU DOEL

Driekwart van die eerste termyn van 1979 is verby. Oriëntering het die termyn ingelei waartydens die nuwelinge op PU-tradisie ingelyf is. Daar is ook Karnaval gevier waar daar groot gees gevang is en aksies van allerlei aard geseëvier het. Koshuise het mekaar voor Karnaval leer ken en weer daarna met aksies gegroet. Dit was die aangename van die termyn. Kyk ons vorentoe, lê oriënteringstoetse op die voorstoep. Nou moet jy jouself afvra hoeveel eerstejaars die voordeur met selfvertroue gaan oopmaak omdat hulle genoeg tyd deur die termyn ook aan akademie spandeer het, of hoeveel maar eerder by die agterdeur gaan uitglip en opskop omdat hulle nou besef hulle is reeds te ver agter. Daar moet dan in so geval onthou word dat daar nog tyd, alhoewel min, gedurende die vakansie, is om in te haal. Die doel op universiteit is egter om te swot en as daar nou uitgevind word dat jy alreeds agter is, het jy jou doel gemis.-TK




*Prof. Roux de Villiers het 'n voorstel ontwerp oor die herindeling van die akademiese jaar sodat dienspligtiges hulle diensplig en studies gelyktydig binne vier jaar kan afhandel.*

# "KOM ONS HOU BEGRAFNIS"

– deur Josef Krüger –

● **Suidwes-Afrika:** Ná Minister Pik Botha se onsuksesvolle sending, brand die hoop vir 'n suksesvolle oplossing baie laag.

● **Rhodesië:** Met toenemende eskalasie van die oorlog en onsekere leierskap is die goeie era vir goed verby.

● **Binnelandse terrorisme:** Teen 'n onrusbarende tempo neem voorvalle van stedelike terreur, sabotasies en ontvoerings binne ons grense toe.

● **Die mynstaking:** 'n Direkte uitdaging aan die regering.

● **Die tuislande:** 'n Toenemende ontevredenheid onder die tuislanders soos gemanifesteer in die Jan Smuts-beraad.

'n **Nuwe konstitusionele bedeling:** Hierdie uiters belangrike aangeleentheid hang steeds in die lug terwyl spoedige finalisering daarvan dringend noodsaaklik geword het.

Bogenoemde is slegs 'n paar van die harde feite van die werklikheid waarmee ons regering vandag gekonfronteer word. Onnodig om te sê, meer as genoeg om hulle mee besig te hou. Selfs al sou hulle al hulle arbeid en energie vir hierdie doeleindes benut, is dit seker nog geen uitgemaakte saak dat hulle wel sukses sal behaal nie. Kyk egter na die feitelike situasie: Aan geeneen van die bogenoemde probleme word naastenby die aandag gegee wat dit verg nie. Die rede soos almal weet, is die **Inligtingskandaal.**

'n Mens se gesonde verstand sê vir jou dat dit van die allernodigste belang geword het dat die Inligtingskandaal tot op die been oopgevlek en begrawe moet word. Die hele aangeleentheid het vir Suid-Afrika te duur geword.

Na dr. Rhoodie se jongste opspraakwekkende bewerings, die ontkennings van regeringskant en dr. Connie Mulder se verrassende verklaring, is die kieser nou eers in die duister. Die geloofwaardigheid van die regering word sterk gewantrou, en 'n baie ingrypende stap van NP-kant is nodig om die wantroue van die kieser te laat verdwyn.

Kyk mens na die geskiedenis van die Inligtingskandaal, het 'n mens min hoop vir ingrypende en daadkragtige optrede. Die feite van die saak is dat minister P.W. Botha 'n warm patat op sy skoot het, en nie weet wat om daarmee te maak nie (vergelyk sy "Vyfweke toespraak".) Gevolglik was ons getuies van die volgende fiasko's:

● Die wyse waarop die Mostert-verslag ontvang is

● Ondiplomatiese optrede teenoor dr. Connie Mulder

● Dr. Rhoodie word toegelaat om die land te verlaat

● Die aanstelling van die Erasmus-kommissie wat tot dusver weinig gedoen het om die kiesers se vertroue te wen:

● 'n onbevredigende verslag

● nie-openbaarmaking van getuienis

● 'n onlangse beslissing van die Kaapse Hooggeregshof dat die Erasmus-kommissie volgens reg nie meer bestaan nie

● Die opdrag aan die Erasmus-kommissie om die betrokkenheid van enige ministers by die aktiwiteite van die voormalige Departement van Inligting te ondersoek, behoort eerder aan 'n Parlementêre kommissie opgedra gewees het.

● Die Van den Berg-Van Zyl eskapades en die optrede van die regering in hierdie verband.

● Min. P.W. BOTHA se verklaring dat hy sal bedank indien die betrokkenheid van hom of enige van sy ministers by die voormalige Departement van Inligting bewys kan word. Vir die kieser begin dit lyk of hy te gou gepraat het!

Myns insiens het minister P.W. Botha nog net een eerbare oplossing vir sy probleem. Dit het tyd geword dat hy oop kaarte speel. Sê aan die volk presies wat die situasie was en is - dat die geheime projekte van Inligting noodsaaklik en geregverdig was, ontken slegs oningeligtes! Waarom dan die betrokkenheid van sommige van die ministers daarby ontken? Sê aan die volk wat die beweegrede was, en sê vir hulle (en hulle weet dit wel) dat daar altyd opgetree is net met een doel voor oë, naamlik om die beste belange van Suid-Afrika te dien. Sê ook waar foute begaan is en waar daar onreëlmatighede was. Noem die skuldiges en vervolg hulle. Skryf dan 'n verkiesing uit, want eers wanneer al die kaarte op die tafel is en daar nie meer wantroue en skinderstories met 'n geurtjie van waarheid daaraan die rondte doen nie, sal die kieser hom weer tot die stembus wend. Laat hierdie verkiesing dan dien as die begrafnis van die Inligtingskandaal, en laat ons voortgaan sonder 'n klomp geraamtes in die kas!

Die alternatief is die begrafnis van Suid-Afrika.

**Die artikel is deur Politiese Perspektief van die Politiese Raad geskryf, maar weerspieël nie noodwendig die Raad se amptelike standpunt nie.**


# Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Kruger, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
NUUSREDAKTRISE: Mariëtte van der Walt, De Wetstr. 5, Tel: 5492.
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: Estelle Oosthuizen, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211/2.
RAADSREDAKTEUR: Izak Minnaar, Caput, Tel: 3375/6.
DIEPTE-ARTIKELREDAKTRISE: Marianne Slot, Tomstr. 26, Tel: 23429.
DAMESBLADREDAKTRISE: Anna-Marié le Roux, Karlien, Tel: 3214/5.
KUNSBLADREDAKTEUR: André Howard, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
SPORTREDAKTRISE: Rolene Koch, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211/2.
VAALDRIEHOEKREDAKSIE: Koos Pretorius, Tel: 43915; Algerda van Dyk, Tel: 3364356; Leon Botha, Tel: 337232.
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius, Oppikant.
TEGNIESE REDAKTRISE: Renée Purén, Wag-'n-Bietjie, Tel.: 4277/8.
VERSPREIDINGSREDAKTEUR: Louis van der Linde, Klooster, Tel.: 3468; 22246; 22151.
OPLEIDINGSREDAKTEUR: Henning van Aswegen, Hombré, Tel.: 7996; 23915.
SEKRETARESSE: Marietjie Eloff, Huisvaderswoning, PU vir CHO, Tel.: 3952.
PENNINGMEESTER: De Wet du Plessis, Tomstr. 33, Tel: 7094.
SSR-LID VIR WAPAD: Anne-Marie Jacobs, Wag-'n-Bietjie, Tel: 4277/8.
SPOTPRENTTEKENAAR: Mynderd Vosloo, Caput, Tel.: 22371; 3375/6.
REKLAMEBESTUURDER: Jacques Pienaar, Klooster, Tel.: 3468; 22246; 22151.

# UIT NO. 13

## "BYBEL IS WOORD VAN GOD"

Geagte Redakteur,

In "Die Wapad" van 16 Maart verskyn 'n brief getitel: "Bybel nie as Gods Woord aanvaar". Die skrywer van die brief sê: "... ek (beskou) die Bybel nie as die sogenaamde Woord van God nie." Hy sê verder dat daar in die Bybel wel "maatstawwe van betekenis" is, maar dat ander "minder sinvol" is en dat hy teenoor ander "agnosties staan".

Met hierdie uitlatings spreek die skrywer sy minagting teenoor die Woord van God uit. Hy loën die Woord van God en daardeur loën hy ook die God van die Woord.

Die Bybel is die Woord van God. Met sy agnostisisme kan die skrywer niks daaraan verander nie. Sy insig is maar redelik beperk. Ek wonder hoe verklaar hy II Tim. 3:16 "Die hele Skrif is deur God ingegee . . ."

Die skrywer het dit teen die ASB wat op die grondslag van die Bybel funksioneer, maar besef hy nie dat die PU dieselfde grondslag het nie? As hy ontuis voel by die ASB om bogenoemde rede, onder andere, hoe is dit dan moontlik dat hy kan tuisvoel op die PU? Hoe kan hy christelike hoër onderwys beoefen terwyl hy die Bybel nie as die Woord van God aanvaar nie?

Ek sal graag met die skrywer in gesprek wil tree oor sy onsinnige uitlatings.

**Johann le Roux.**

## Uit die Woord

"Laat die liefde ongeveins wees."

Rom. 12:9

Hoe lyk jou en julle twee se liefde? Die Bybel sê dit moet eg wees, deurskynend sonder enige vlekke daarin. Jongmense sê dis presies wat ons wil hê. Ons is siek en sat vir die gemaakte liefde, die geveinsdheid, die skynheiligheid van die ouer geslag. Ons wil eg lief hê, en het mekaar eg lief. En daarom: Is dit of dát toelaatbaar?

Dit is 'n gevaarlike ding om te sê of te beoefen, want dit is nie heeltemaal waar nie. Daar is ook slegte mense en slegte dinge. Een ware ongeveinsde liefde waarvan die heilige Skrif spreek, hou daarmee rekening. Daar is mense wat in die Bybel "honde" en "varke" genoem word. Daar is mense wat ek nie in my huis mag ontvang nie (2 Joh.: 10-11). Daar is ook gewoontes en praktyke wat verkeerd is. Die ware liefde hou hiermee rekening. Hy is nie blind nie. Hy kan onderskei. 1 Fil. 1:9-10 sê dat die liefde moet groei in kennis en ervaring om die dinge waarop dit aankom, te onderskei. Dan sal jy rein wees.

Julle sal onderskeidingsvermoë aan die dag moet lê tydens karnaval, intervarsity, sêr, fliek ens. Jy moet vasstel wat wesentlik waarde het en wat nie. Doen dan wat in Rom. 12:9 staan: "Laat die liefde ongeveins wees, verafsku wat sleg is; hang die goeie aan."

Jy moet weet wat sleg, gevaarlik en sondig is. En hier staan nou dat jy jou met afsku daarvan moet distansieer. Ongeveinsde liefde kan standpunte inneem; kan beslis "nee" sê vir dit wat sleg is. "Hoe kan ek hierdie groot kwaad doen en sondig teen God," (Gen. 39:9).

Maar dit is nie nodig om net negatief te wees nie. Ons is nie net teen dit wat sleg is nie. Ons hang die goeie aan. Ons kom uit daarvoor. Ons staan daarby. Ons wy ons daaraan. Ons het behoefte aan sulke Christenstudente. Wil jy nie so wees nie?

Onderskei tussen sleg en goed. Verafsku wat sleg is. Gaan voluit vir die goeie. Dit is die moeite werd. Dan sal jy rein wees en vir niemand tot struikeling nie (Fil. 1:10).

## DAMESROOK ONDERSTEUN

Geagte Redakteur

In reaksie op "Johnny" se betoog teen damesrook op die kampus: Wie gee mans die reg om te aanvaar dat alleenlik mans die reg het om op die kampus te rook? Waarom is hierdie nadelige gewoonte slegs tot die kategorie van mans beperk? Dit is mos nou diskriminasie in die ergste graad! Blykbaar lyk 'n rokende Puk-man met sy "kromsteel-Keiser-pyp" in die mond beter as 'n rokende Puk-dame met 'n elegante sigaretkoker en ligte sigaret spesiaal vir dames. Doen so 'n rokende Puk-dame die Puk-beeld dan meer oneer aan as so 'n rokende Puk-man?

Verder gebruik "Johnny" die voorbeeld waar 'n Puk-dame in "klas-draf-jeans en Pote-sokkie-plakkies" by die Sondagoggend erediens opdaag. Hieroor wil ek net dit sê: 'n man daag in 'n pak klere by die eredienste en 'n dame dienooreenkomstig ewe netjies en galant geklee in haar Sondagklere. Maar as mans normaalweg met "klas-draf-jeans en Pote-sokkie-plakkies" by die eredienste opdaag, het dames sekerlik ook die reg om so geklee op te daag (of sal die reg net tot mans beperk wees volgens Johnny?). Dames sal nie noodwendig "kromsteel-Keiser-pype" rook net omdat mans dit doen nie, net soos wat dames nie in 'n pak klere by die eredienste sal opdaag nie, net omdat 'n man 'n pak klere dra nie.

Mans mag rook binne en buite die grense van die PU, maar Puk-dames mag klaarblyklik slegs buite die grense van die PU rook. Hoe dan nou?

Ek lei af dat daar geen beswaar moet wees indien 'n Puk-dame sou verkies om op die kampus te rook nie (dis nogal ongerieflik om weg van die PU in die openbaar te gaan rook elke keer wanneer mens lus voel daarvoor!). Bowendien is rook vir dames ook nie "'n poging tot volwasse vrou-wees" nie, net soos wat dit nie vir mans 'n poging tot volwasse manwees (behoort) te wees nie.

TOFFIE

*(Hiermee word die debat oor damesrook afgesluit - red.)*

## DERTIG PERSENT AFRIKANERS IS CHRISTENE

Geagte Redakteur

Graag wil ek kommentaar lewer op u antwoord op my brief: "Spotprent ontlok reaksie" van 22 Maart. U maak die stelling: "'n Goeie Afrikaner is 'n goeie christen". Dink u nie dit is 'n onverantwoordelike uitlating nie? Volgens watter statistieke maak u die uitlating?

Ek sal graag op my beurt statistieke wou gee: volgens 'n opname in 1976 is 42 persent van die totale blanke bevolking in S.A. gereelde kerkgangers, dus in die ware sin van die woord christene.

Daarvan sou mens op die maksimum 30 persent Afrikaners kan uitsonder. Die teendeel van u stelling is eerder waar: 'n goeie christen is 'n goeie Afrikaner (as hy Afrikaanssprekend is). Dus beteken dit dat ongeveer 30 persent van die totale blanke bevolking in S.A. goeie Afrikaners is. Sou u nie sê dit is pateties nie?

Kan u dalk sê volgens watter maatstawwe oordeel u of iemand 'n goeie Afrikaner is of nie? U weet 'n Afrikaner kan 'n goeie Afrikaner wees: **maar** hy glo nie noodwendig in God nie - ek ken baie van hulle. As u sê 'n goeie Afrikaner is 'n goeie christen, dan is geloof in God mos nie nodig om as Christen geklassifiseer te word nie! Ek dink ons moet baie versigtiger wees met die woord **christen** - dit word te goedkoop gebruik.

J.C. van Schaik.

**(Die uitlating was nie op statistieke gebaseer nie, maar op die algemeen aanvaarde beskouing van die tradisionele Afrikaner. Bravo vir u laaste sin! - Red.)**

## PUK-GEDRAG ONDER SKOOT

Geagte Redakteur

Die gedrag van sommige Pukke Saterdag op die pawiljoen (en op die veld) was laakbaar om die minste daarvan te sê. Dit is moeilik om te glo dat opgevoede mense so in die openbaar kan optree - soveel te meer wanneer hulle in 'n groep is waarna later vinger gewys kan word.

Hoe vind mens regverdiging in die optrede om bierblikke na mense te slinger, soveel te meer nog waar daar 'n moontlikheid is dat onskuldige mense getref kan word, soos dan wel ook gebeur het met die jong dame wat ewe ongevraag 'n bierblik teen die voorkop gekry het en die middeljarige man van die gewone publiek wat met 'n halfvol bierblik teen die rug getref is. Was dit nou nodig om te wag tot die ASB se President 'n beroep op die skare doen, voor sommiges besluit het om hulle te gedra?

En dan meen ek ook die PU se arme dirigent kon 'n beter poging aangewend het om die mense onder beheer te bring. Hy het wel gevra dat die blikgooiery gestaak moet word, maar was dit nodig om by te voeg: "As julle moet gooi, gooi tog net raak"? En was dit nou regtig nodig vir mnr. Kriel om van die luidsprekerstelsel gebruik te maak vir sy persoonlike geflankeerdery? Of was dit nou juis die grap?

Dit is moontlik dat die massa geaktiveer is deur die vuil spel van sommige Pukspelers op die veld, soos wat die baie strafskoppe wat die PU teen hom gekry het, wel getuig.

Is daar dalk iewers fout?

**Paul Prinsloo**

## PEDRO SOEK NAAM

Pedró,

Ongelukkig kan ons nie jou brief plaas nie. Indien jy egter jou volle naam verstrek kan dit geplaas word.

## "VAKIDIOTE" BANK INTER-FAKULTÊRE LESINGS

Die Redakteur

Voor my het een dosent onbeskaamd op sy arms gelê en slaap, langs my het twee eerstejaars voorgeskrewe boeke onder die bank gesit en lees, agter my het nog eerstejaars gesit en giggel, briefies geskryf en rondgeskuifel; na teetyd kon hulle gelukkig ontsnap. Die saal was omtrent kwart-vol.

Dis die I.W.-lesings, I.W.-dag, lekker braaivleis by die dam! Die enigste probleem is om die eerstejaars daar te kry - een senior het op die uitstekende gedagte gekom om **iemand anders** te vra om 'n toets op te stel na aanleiding van die lesings; dan sou hy nie die eerstejaars kon 'graaind' as hy uitvind hulle was nie daar nie! Self gaan? Grappieee!!

Vir die mense wat die probleem van die universiteit in die twintigste eeu bestudeer, wat met komr ier die professionalisering en vertegnokratisering van die universiteit gadeslaan, wat sien hoe die fakulteite al verder uitmekaar uitdryf, vir hulle het die Interfakultêre lesings 'n bespotting geword. Die idee om mense van verskillende fakulteite aan te moedig om buite elkeen se vakgebied te ontmoet, slaag nie op die huidige manier nie.

Dit is onmoontlik om drie sprekers op een oggend in te druk **en** sinvolle bespreking te verwag. Dit gaan verder nie help om weereens vakkundiges te laat voorberei om te antwoord op dié hoofspreker nie; dan gaan juis die **Inter**- van die Inter-fakultêre lesings verlore. Die rede vir hierdie werkswyse kan ek egter deeglik begryp. Ons studente en dosente is so tevrede om agteroor in die bekende wêreldjie van hulle vakkie te gaan sit. Een dosent het selfs vir sy studente gesê dat hulle maar kan wegbly omdat die lesings eintlik vir Lettere en Wysbegeertestudente bedoel is. Diesulkes is nie bereid om 'n greintjie breinstof te gebruik om die sake wat werklik van belang vir ons menswees is, te bespreek nie.

Die organiseerders van die lesings het 'n aktuele tema gekies en goeie sprekers gekry. Al wat 'n mens moes doen, was om belang te stel; mens hoef nie eers 'n bydrae te lewer nie; wys net dat jy, na 'n paar jaar op universiteit, darem al 'n bietjie jou vakidioot-mentaliteit ontgroei het.

C.J. VAN RENSENBURG

**Briewe moet nie langer as 300 woorde lank wees nie, anders sal dit verkort word.**

## VERSLAAF AAN S.A.-NERSKAP

Geagte Redakteur

Hiermee wil ek Estelle Oosthuizen bedank vir haar fees van 'n brief in Die Wapad van 16 Maart. En wil ook my deeltjie bydra as 'n verslaafde aan Suid-Afrikanerskap.

Daar is die onbeskryflike gevoel van groot lekkerkry wat ek ervaar as ek Sonja Herold se "Tant Mossie se sakkie, sakkie, sakkie boeredans" hoor; deur wie ook al gesing.

En as ek in die Langsleep sit en in wit kryt teen die bruin muur lees: "Die berggans het 'n veer laat val; van die hoogste krans by Woeperdal"

Of toe ek en 'n meisie sit en eksperimenteer het met Die Stem. Al Die Stem gesing op die wysie van "House of the Rising Sun"? Só sal ek Die Stem op die Rooi Plein in Moskou staan en sing.

En ek sal nie as grote, stoere Afrikaner vir my land wil sterf nie. Maar as Suid-Afrika se toekoms op die spel is, sal ek as Suid-Afrikaner vir my land en my mense baklei tot die bloed loop en die been wys en die dood intree.

Uit eie ervaring kan ek dus Suid-Afrikanerskap aanbeveel. En beklemtoon dat dit heerlik is om daaraan verslaaf te wees.

C.F. SCHOEMAN

## ANTI-"TERT" SKRYF

Die Redakteur

As beskroomde Afrikanermeisie voel ek my geroepe om van my te laat hoor in reaksie op die gebruik van 'n skokkende term soos "optert" in u blad.

Dit is 'n verlaging van die meeste morele standaard van elke beskeie meisie wat haarself kan weerhou van 'n klakkelose najaag van al die nuutste modes en grille. Ek het al gehoor dat dié spesifieke term baie lelike konnotasies by party lede van die manlike geslag dra.

Ek kan egter goed verstaan dat 'n arme meisie wat vrou-alleen die hele damesblad moet behartig, so 'n oordeelsfout kon begaan. Dit is na my mening niks minder as reg dat u as man haar moet beskerm nie.

Veral as redakteur van 'n koerant behoort u bewus te wees van die verskriklike aanslae van buite. Dit is die werk van die kommuniste dat ons nie meer kan onderskei tussen die betaamlike en die onbetaamlike nie.

Ek hou u as die sterkere vat dus verantwoordelik vir die onuitwisbare klad wat deur 'n afbrekende term soos **optert** teweeggebring is. My dringende versoek aan u is dus om mej. Poplap te help teen die aanvegtinge van sedelike verwaarlosing en om vir haar, 'n onbeholpe meisie, 'n wag voor die lippe te wees.

**Susarah J.A.C.M. van der Merwe.**

***(Die Wapad-redaksie sou graag wou weet wat die breë Puk-dame van Poplap dink. - Red.)***

## BERIG VEROORDEEL

Die redakteur,

Ek wil net die skrywer van die artikel "Studente verwaarloos breinkrag" in Die Wapad van 16 Maart 1979 vra wat hy nou eintlik probeer sê. Dit laat my dink aan 'n bejaarde omie wat die tyd probeer omkry deur die heeldag te praat en niks te sê nie. Of soek hy net geselskap? Indien wel, kan ek hom verwys na die Hoekie vir eensames in die Landbou-Weekblad.

Red nou die PU met sulke studente!!!

**DOGMATIX**

**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

REVLON
Jontue
eau de toilette

ONTDEK JONTUE - Die wonderlike geur van Revlon. Revlon bied u 'n geskenk van "Jontue Spray Mist" aan, saam met enige aankopie van R6.00 en meer, terwyl voorraad beskikbaar is.

'n Skoonheidsdeskundige sal beskikbaar wees om u van raad te bedien.

**LEWIS EN VAN HEERDEN APTEEK**
Kerkstraat 133. Tel. 3656

Spektrum 1979

# TJELLIS SPEEL IMPOSANT

- ANDRÉ HOWARD -

**Die Oostenrykse tjellis Heinrich Schiff het Maandagaand 26 Maart 'n uitvoering gelewer wat 'n mens by tye verstom gelaat het. Saam met sy begeleier Lamar Crowson het hy daarin geslaag om die rykste en warmste klanke denkbaar uit sy tjello te haal. Ander kere het 'n mens die grootte van sy instrument heeltemal vergeet, so virtuoos was sy spel.**

Die eerste werk op die program was die Beethoven-variasies gebaseer op 'n duo uit die "Towerfluit van Mozart". Hier het 'n mens alreeds bewus geword van sy rotsvaste intonasie en die volkome beheer oor sy instrument. Hierdie eienskappe is verder voortgesit in sy tweede werk, die Brahms-sonate in F majeur wat uit vier dele bestaan. Veral in die derde beweging van hierdie werk het hy daarin geslaag om die speelse karakter van die beweging baie duidelik oor te dra. In die baie stormagtige en hoogs romantiese vierde beweging was die afwisseling tussen die liriese en meer dramatiese gedeeltes baie treffend.

Na pouse het 'n onbegeleide werk gevolg naamlik die suite nr. 2 in d mineur van J.S. Bach. So 'n tipe werk berus natuurlik geheel en al op suiwer intonasie, maar dit was vir hom geen probleem nie. Veral in die stadige bewegings van hierdie werk het die enigste hinderlike aspek van sy spel werklik na vore getree. Die hele program was ontsaglik musikaal voorgedra en miskien juis as gevolg daarvan, was hy geneig om te veel klank te verloor op sy minder belangrikte polsslae. Dit was in 'n mate verdoesel deur sy musikaliteit, maar soms het dit tog baie duidelik na vore gekom.

Schiff het sy program afgesluit met die Rossini-variasies van Bohostav Martinu. Die werk word eintlik gekenmerk deur ritmiese vitaliteit en daarmee saam het hy ook interessante klankeffekte verkry deur 'n tipe glissando. As toegif het Schiff 'n werk van Fauré gespeel.

Heinrich Schiff het met hierdie konsert daarin geslaag om al die vereistes van goeie spel sinvol te kombineer om só 'n baie geslaagde geheel te verkry. Dis net baie jammer dat nie meer mense die kans benut het om hierdie konsert by te woon nie.



*Elize Venter en Jacques van der Merwe in 'n toneeltjie uit die aanbieding van DIE RISSIE van Charles Marowitz. (Foto Frik Shoeman)*

# RISSIE BIED NUWE VOORUITSIGTE

**Die sombere afskeid van Hester Smit en haar vereensaamde broer Johnnie, wat die pasafgelope aanbieding van Athol Fugard se drama "Hello and goodbye" huiwer nog onwillekeurig in die geheue . . . Die plakkate kondig alweer 'n nuwe stuk aan: "DIE RISSIE" open op 2 April.**

Dit is 'n stuk van 'n heel ander aard. Ons word teruggverplaas na die Middeleeue maar die onderwerp bly altyd jonk, altyd hede naamlik die liefde. Die ewigwisselende spel tussen man en vrou, die ongeluk, die vreugde en die onmisbare komiek daarvan word pragtig uitgebeeld deur die begaafde dramaturg Charles Marowitz. Hy het alreeds roem verwerf vir sy "A Macbeth" en "The Marowitz Hamlet". Ook in "Die Rissie" gebruik hy die oorspronklike drama van Shakespeare, "The Taming of the Shrew" as grondpatroon waarop hy sy idees oor die liefde, die man en vrou uitwerk. Dis 'n interessante, dramatiese spel waarin die oue en die moderne op 'n subtiele wyse teen mekaar afgespeel word. Tegelyk is dit ook 'n demonstrasie van intellektuele gimnastiek. Waar wyk hy af van die Shakespeare? Hoekom wyk hy af? Wat bereik hy met die gebruik van die oorspronklike Shakespeareteks? Dis alles vrae wat beantwoord word met Liesbet Schoeman se aanbieding van "Die Rissie" deur Charles Marowitz binnekort in die PU Kamertoneel, Hoffmanstraat 10. Plekbespreking by mev. Gerty Botha, Departement Spraakleer en Drama, Hoffmanstraat 4.

# DRAMASTUDENTE LEES VERSE

- Rudolp Willemse -

**Die Skrywerskring en die Dramavereniging het op Woensdagaand, 21 Maart 'n baie geslaagde interaksie gehad, waartydens die dramastudente gedigte uit LENS 77/78 voorgedra en vertolk het.**

Ten spyte van die dramastudente se druk program, was die vertolkings skitterend. Dit was 'n baie genoeglike aand waartydens die nuutgestigde kitaarklub gepaste agtergrondmusiek verskaf het - alles in die regte atmosfeer.

Dit sal beslis nie die laaste aksie van dié aard wees nie.

Die Drama Departement word genader om volgende jaar 'n keur uit die Lens-bundels aan te bied.



*Riena van Graan by van die skilderye wat op die uitstalling te sien is. Die uitstalling duur tot 11 April. (Foto Frik Schoeman)*

# *RIENA VAN GRAAN STAL UIT*

- Johan Myburg -

**Die grootste eenmantentoonstelling van Riena van Graan is op 20 Maart in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit geopen. By dié geleentheid was Ines Aab-Tamsen teenwoordig wat die kunstenares aan die publiek bekend gestel het.**

Riena van Graan is van Pretoria afkomstig, waar sy ook deel van haar opleiding ondergaan het. Sy het ook in Italië onder prof. Primo Conti gestudeer, waar sy ook aan groot uitstallings in Italië deelgeneem het.

Wanneer 'n mens die uitstallingslokaal binnekom, val die helder kleurgebruik dadelik op: landskappe in donker blou, donker rooi en soms gryse.

Landskappe vorm die hoofbestanddeel van hierdie uitstalling van vyftig skilderye.

Die kunstenares se werke vertoon 'n somberheid wat ontstaan as gevolg van gebrek aan lig - die sonlig wat juis die Suid-Afrikaanse landskap kenmerk.

Die potloodsketse en waterverf - pastelwerke vertoon 'n tegniese vaardigheid, maar bly net skulpe en rotse wat soek na bewuste vormgewing.

'n Sterk vleug van naïwiteit spoel deur die kunstenares se werke, waarin van die fyn aanvoeling vir die natuur tog verlore gaan.

# Skuiwergat

## DEUR GRIMALDI

OM ONS ou volkie in hierdie tyd as kultuurloos te bestempel sou seker aan heiligskennis grens. Kyk net hoe getrou word die premiére van die nuutste toneelopvoerings en films bygewoon (die komplementêre kaartjies maak mos in hierdie geval glad nie saak nie). En dan nog volksfeeste en Stryddae, noem maar op ons kultuur gaan vooruit!

Om verder oor kultuur te sanik, is genoeg om myself en baie ander mense 'n kramp op 'n ongemaklike plek te gee. Maar hoe kultuurbewus is die gemiddelde student op ons kampus. Verstaan my mooi, ek is nie nou die stem in die woestyn wat roep en almal probeer oortuig om nou kultuur-wrakke te word nie! 'n Mens begin egter wonder as 'n skrale dertig mense die opening van 'n kunsuitstalling bywoon of wanneer die saal halfvol is wanneer 'n kunstenaar van wêreldgehalte 'n uitvoering lewer.

Het dit nie miskien tyd geword om 'n kultuurherlewing op ons kampus te laat plaasvind nie. En dan bedoel ek nie net op die gebied van die kunste nie, want dit is maar 'n klein deeltjie van ons kultuur. Identiteit is aan die orde van die dag, maar as die kultuur vergeet word kan ons maar identiteit probeer behou en tradisies bewaar tot ons blou word; ons kan vergeet om iewers te kom. Solank as wat kultuur net bestaan uit die kennis van die nuutste poptreffers, kan ons ou volkie sy identiteit ook maar op sy maag skryf.


hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel



kontiki

steakhouse — braairestourant

12 - 2 nm daagliks — 5.30 - 10 nm weeksdae — 5.30 - 8 nm Sondae

aquarius

ten volle gelisensieer fully licensed

dameskroeg — ladies bar 5 nm - 1 vm — 5 pm - 1 am

hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel

